Beleid aangaande Boeliegedrag

By Laerskool Florida volg ons n beleid van GEEN Boeliegedrag. Ons skep 'n veilige en liefdevolle omgewing vir elke leerder wat die skool betree. Almal is waardig en word so behandel. Ons maak ons kinders weerbaar en diensbaar, daarom word daar op gereelde basis 'n weerbaarheidsweek aangaande Boeliegedrag deur die Boeliekomitee geloots.

Elke leerder poog om deel van die Boeliepatrollie te word. Om 'n Boeliepatrollie leier te word moet jy aan al die vereistes en waardes van die skool voldoen.

WAT IS BOELIEGEDRAG?

Boeliegedrag kom voor wanneer 'n kind of 'n groep kinders hulle mag of krag LANGDURIG deur negatiewe aksies misbruik om ander leerders wie hulself nie teen langdurige negatiewe aksies van die boelie kan verdedig nie, onveilig en bedreig laat voel.

Boelie is n wilsbesluit gebaseer in agressie om ander seer te maa ken te benadeel. Die slagoffer word met opset geviktimisee, benadeel,seergemaak en onder stress geplaas. Die boelie kry bevrediging uit die vernedering en pyn van die slagoffer.

Boelies pik op leerders wat nie terug kan baklei nie. Die algemene siening van sielkundiges is dat boelies met 'n sterk drang tot aggressie, diepgewortelde angstigheid en onsekerheid beleef.

SKOOLGEWELD, BOELIE EN AFKNOUERY

Alle vorme van skoolgeweld,boelie en afknouery word by Laerskool Florida verbied. Laerskool Florida hanhaaf 'n skoolbeleid van geen verdraagsaamheid teenoor skoolgeweld, boelie, afknouery, mishandeling, verwaarlosing, misbruik en vernedering. Elke kind het die reg op beskerming. Volgens die Grondwet van Suid-Afrika Artikel 108 van 1996 (seksie 28 (1) (d) van die handves van menseregte het elke kind die reg om beskerm te word teen slegte behandeling, verwaarlosing misbruik en degrasie. Volgens Artikel 10 van dieselfde Grondwet het elkeen ook die reg op menslike waardigheid.

Kinders het die reg:

- Tot menswaardigheid
- Om veilig te voel
- Om gerespekteer te word
- Om van waarde geag te word
- Om verskillend te wees
- Om onderrig te word en te ontwikkel as n individu
- Om vry van geweld te wees
- Om beskerm te word teen misbruik
- Om veilig in die skool onderrig te word
- Boelies misken verskeie grondwetlike regte van die kind. Dit is die skool se plig om elke kind te beskerm.

WAT IS BOELIEGEDRAG?

Boelie-aksies bestaan uit direkte boelie-aksies en indirekte boelie aksies.

Direkte boeliegedrag is fisiese aksies en verbal aksies. Indirekte boeliegedrag is sielkundige aksies.

Die volgende aksies is altyd teenwoordig in boeliegedrag nl. doelbewuste gebruik van aggressie, ongebalanseerde magsverhouding tussen boelie en slagoffer, veroorsaking van fisiese pyn en emosionele angs.

TIPES BOELIEGEDRAG

Verbaal en geskrewe bv. skeldname, negatiewe opmerkings, verbaal afkraak, verkleineer, intimidasie, onsmaaklike byname.

FISIESE MISHANDELING

Skop, spoeg, slaan, stamp, krap, skouer, slaan, potjie, byt, oe rol, suggestiewe tekens wys, afneem van besittings en in uiterste gevalle selfs geweld soos ernstige aanranding op die slagoffer.

EMOSIONELE MISHANDELING

Emosionele mishandeling verwys na wanneer daar op die gevoelens van die slagoffer gespeel word, of waar onwaarhede oor die slagoffer versprei word.

Ons sien dus dat boelie 'n baie ernstige oortreding is, waar daar fisiese sowel as emosionele letsels gelaat word.

EIENSKAPPE VAN 'N MOONTLIKE SLAGOFFER

- Onverklaarbare krapmerke,bloukolle en kneusplekke.
- Is bang om skooltoe te kom.
- Emosionele reaksie is trane en teleurstelling as hulle geboelie word.
- Kind onttrek homself/haarself van die groep.
- Kom agterdogtig voor, is baie sensitief en stil.
- Is dikwels afwesig en raak voor skool siek.
- Is meer angstig en onseker as ander leerders.
- Begin skolasties sukkel.
- Het nie maats nie.
- Raak depressief en verloor belangstelling.
- Verloor eetlus en sukkel om te slaap.
- Wil nie by die skool badkamer toe gaan nie.
- Raak teruggetrokke.
- Kry woede – uitbarstings

GEVOLGE VAN BOELIEGEDRAG

- Verhoogde skoolvrees en afwesighede.
- Ontwikkeling word benadeel.
- Minderwaardigheidskompleks.
- Gevoelens van eensaamheid.
- Sosiale isolasie
- Emosionele probleme
- Kommunikasieprbleme
- Depressie
- Swak prestasie op skool.

VOORKOMING VAN BOELIEGEDRAG

- Klasreëls en skoolwaardes moet uitgeleef en gerespekteer word.
- Klas moet as 'n eenheid teen boeliegedrag staan.
- Ontwikkeling van sosiale vaardighede by leerders.
- Balans tussen gevolge en voorskrifte.
- Leerders wat hulle skuldig maak aan boeliegedrag word tot verantwoording geroep deur die Boeliekomitee en ouers van die boelie.
- Fokus moet nie op die straf geplaas word nie, maar eerder op die verandering van die boeliegedrag.
- 'n Pad word met die slagoffer sowel as die boelie gestap met behulp van alle partye.

HOE ERVAAR DIE SLAGOFFER DIE BOELIE SE GEDRAG

Dit wek gevoelens van:

- Hartseer
- Onsteltenis
- Woede
- Angs
- Magteloosheid
- Leerders moet die vrymoedigheid hê om die boeliegedrag by die onderwysers asook die boeliepatrollie aan te meld. Daar sal ook 'n boelieposbus tot die kinders se beskikking geplaas word om sy/haar griewe op skrif te plaas.

HULP VIR BOELIES

Die boelie kom dikwels uit 'n agtergrond waar daar min geborgenheid, ouerbetrokkenheid en konsekwente optrede deur die ouers ervaar word. Die boelie word blootgestel aan fisiese straf en emosioenele uitbarstings. Voordat formele berading nodig raak, moet die boelie insig ontwikkel dat sy/haar gedrag altyd negatiewe gevolge sal hê totdat die gedrag verander word. Die boeliekomitee sal oor 'n tydperk in konsultasie met die hulp van 'n sielkundige met die boelie en sy ouers werk. Die ouers van die boelie moet die pad saam stap om sukses te verseker. Die boelie se gedrag en denkwyse word verander deur middel van terapie.

Die boelie word die volgende geleer:

- Om verantwoordelikheid van gedrag te aanvaar.
- Om verantwoordelikheid te aanvaar vir die gevolge van die boeliegedrag.
- Om ongemak van sy/haar gedrag te ervaar.
- Om gedrag te verander om uit die moeilikheid te bly.
- Verantwoordelikheid te aanvaar vir die effek van hul dade op slagoffers.
- Om te vertrou
- Om saam met die boeliekomitee en ouers te werk.

ONDERSTEUNING VAN DIE SLAGOFFER

- Beskerming teen boeliegedrag.
- Leerling voel geborge en veilig.
- Help om die optrede van die boelie te verstaan en dat hy/sy as slagoffer onskuldig is en dat die boelie die probleem het.
- Om uitdrukking aan hulle gevoelens te gee deur middel van teken, skryf, verbalisering of spel.
- Hulle te betrek by 'n ondersteuningsgroep bestaande uit ander slagoffers.
- Maats wat omgee (boeliepatrollie) te betrek op die pad na herstel.

WAARDES BOU KARAKTER

Wanneer waardes sterk gevestig is dan kan reels toegepas word. Waardes word by die huis vasgelê.

GELOOF

- Glo in jouself want jy is tot enige iets instaat.
- Ware geloof lei tot goeie dade.
- Geloof moet sterk wees om versoekings te weerstaan.
- Geloof beskerm ons.
- Geloof beteken om te vertrou.
- Geloof is om God te vertrou al weet ons nie wat Sy plan is nie.

LIEFDE

Jy moet heel eerste jouself liefhê.

Liefde kies nie kant nie.

Liefde beskerm.

Liefde glo altyd die waarheid.

Wees lief vir almal ook die van wie jy nie hou nie.

Wees altyd bereid om te vergewe.

Die liefde Glo alles en verdra alles.

INTERGRITEIT

- Om altyd die regte ding te doen al kyk niemand nie.
- Vertel altyd die waarheid en aanvaar die gevolge.
- Erken wanneer jy verkeerd is en maak dan jou foute reg.
- Wees verantwoordelik vir jou dade.Dit is die morele kompas van jou lewe.
- Die keuse om altyd reg te doen.

EERLIKHEID

Dit beteken jy kan vertrou. Eerlikheid is om altyd die waarheid te vertel, nie te steel of skelm te wees nie. Oneerlikheid vernietig verhoudings en vertroue. As jy 'n fout gemaak het, erken dit. Dit bou vertroue en respek. Eerlikheid kos niks, maar leuens kan jou alles kos.

RESPEK

- Kinders met karakter bewys liefde aan ander deur respek.
- Goeie manière teenoor ander.
- Respekteer ander leerlinge en hulle eiendom.
- Moenie iemand spot of afkraak nie.
- Almal is spesiaal jy moet prober om met almal oor die weg te kom.
- As jy jouself respekteer,sal ander jou ook respekteer.
- Behandel ander soos jy behandel wil word.
- Almal is uniek. Respekteer ander se verskille.
- Respekteer jou ouers, onderwysers en maats.
- Waardeer die mense om jou wat deel van jou lewe is.
- As jy ander respekteer, kom dit terug na jou toe.
- By Laerskool Florida is jy veilig en daarom sal jy geliefd en geborge voel.
- N ware Florrie gee nooit op nie en is altyd positief.

Vertrou ons en werk saam aan oplossings om ons skool n boelie vry te hou en te bestuur.

Skoolgemeenskap se NEE vir boelies. Dit STOP hier.